SAND DU PLESSIS
AMATEUR STOEIKLUB

SAN DU PLESSIS AMATEUR STOEIKLUB
GRONDWET

1. **Naam**
   Die klub sal bekendstaan en ge-affilieer word as "SAND DU PLESSIS AMATEUR STOEIKLUB"

2. **Grondwetlikheid:**
   Die klub sal funksioneer onderworpe aan die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Stoeifederasie.
   Die klub sal ook funksioneer onderworpe aan die Grondwet van die Suid-Vrystaat Stoeivereniging.

3. **Doel:**
   Die doel van die klub sal gerig wees op die volgende:
   3.1 Die opvoeding en onderrig van stoeiers om die sport op 'n gesonde grondslag te be-oefen.
   3.2 Die bestuur van die klub sal op 'n Christelike grondslag gefundeer wees.
   3.3 Die bestuur en aanwending van finansies op 'n wyse wat tot die voordeel van alle lede van die klub sal strek.
   3.4 Die bekendstelling van die sport aan skole en skoolkinders ten einde mededinging vir die stoeier te organiseer.
   3.5 Die reel en organiseer van toernooie en ligas om gesonde mededinging vir die stoeier te organiseer.
   3.6 Om die sport te be-oefen op so 'n wyse dat dit komplimenteer tot skolesport sal wees.

4. **Bestuur:**
   Die bestuur sal jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering verkies word en sal bestaan uit:
   4.1 Die Beskermheer.
   4.2 Die Ere-President
   4.3 Voorsitter
   4.4 Onder-Voorsitter
   4.5 Sekretaris
   4.6 Tesourier
   4.7 Hoofafrigter
   4.8 Hoofbeampte

4.9 Bykomende lede (3 tot 4). Dit sal bepaal word deur die aantal afrigters om ‘n ongelyke getal lede op die Bestuur te vorm.
4.10 Die res van die geregistreerde afrigters.
4.11 Stoeiersvriend.

5. Finansies:

Volledige boekhouding sal geskied en die volgende voorwaardes sal geld:
5.1 Die voorsitter en Tesourier sal verantwoordelik wees vir die aanwending vir die aanwending van die finansies woos deur die bestuur van tyd tot tyd besluit word.
5.2 Fondse sal bekom word by wyse van ledegeld, kompetisies, borge, skenkings en verkope tydens toernooie en oefen aande.
5.3 Kwitansies sal uitgereik word vir alle gelde wat ontvang word.
5.4 Alle betalings sal per tjek geskied.
5.5 Borgvorms, vir individuele fondse, mag slegs deur die Bestuur goedgekeur en uitgereik word.
5.6 Volledige Finansiële State sal maandeliks aan Bestuur voorgelê word.

6. **Algemene Jaarvergadering**:

Die Algemene Jaarvergadering sal eenkeer per jaar gehou word onderworpe aan die volgende:
6.1 Kennis van die vergadering sal vooraf aan alle lede gegee word ten minste veertien (14) kalenderdae voor die datum van die vergadering.
6.2 Slegs geregistreerde lede mag stem.
6.3 Stemming sal per hand gedoen word, behalwe in die geval van die persone wanneer dan die geslote stembriefies gestem sal word.
6.4 Die Voorsitter het ‘n gewone, sowel as ‘n beslissende stem.
6.5 Slegs die sake op die agenda sal hanteer word. Dringende sake sal voorgelê moet word vir oorweging.
6.6 Volledige Finansiële State sal vir die afgelope jaar voorgelê word. Die state sal ook aan Sand du Plessis Laerskool voorsien word.
6.7 Volledige verslae, van die voorsitter, Hoofafrigter en Tesourier moet voorgelê word.
6.8 Streng vergaderingsprosedures sal te alle tye geld.

7. Spesiale algemene vergaderings:

Indien dringende sake, met die grondwetlike inslag, aandag moet geniet, kan ‘n Spesiale Algemene Vergadering belê word. Die volgende voorwaardes sal geld:
7.1 Die vergadering kan belê word indien ten minste 50% van die geregistreerde lede dit aanvra.
7.2 Tydens die vergadering sal alle bepalings, saal vir die Algemene Jaarvergadering geld.
7.3 ‘n Volledige sakelys met die punt(e), wat aandag moet geniet, duidelik uiteengesit, moet hanteer word.
7.4 Slegs geregistreerde lede sal stemreg he.
7.5 Die persone, wat die vergadering aangevra het, sal ‘n volledige voorlegging moet doen.
7.6 Streng vergaderingsprosedures sal te alle tye geld.

8. Bestuursvergaderings:

Bestuursvergaderings sal maandeliks belê word. Die volgende voorwaardes sal geld:

8.1 Om ‘n kworum te vorm, moet ten minste die helfte van die Bestuur plus een, teenwoordig wees.

8.2 Indien daar nie ‘n kworum is nie, verdaag die vergadering nadat daar ‘n datum en tyd vir ‘n volgende vergadering bepaal is.

8.3 Behoorlike kennis van di vergadering moer weereens ten minste 7 kalenderdae vooruit gegee word met ‘n volledige sakelys.

8.4 Die bestuurslede wat dan die volgende vergadering bywoon, sal wel ‘n kworum vorm – ongeag die getal.

8.5 Indien ‘n bestuurslid 3 vergaderings agtereenvolgende sonder ‘n verskoning nie bywoon nie, sal die lid outomaties sy posisie verbeur en die pos ontruim. ‘n Nuwe lid sal in die pos, deur die bestuur aangewys word.

8.6 Streng vergaderingsprosedures sal te alle tye geld.

9. Ledegeld

9.1 Die ledegeld sal jaarliks, tydens die Algemene Jaarvergadering bepaal word.

9.2 Ledegeld moet maandeliks vooruit betaal word.

9.3 Die Bestuur het die reg om behoeftige lede tegemoet te kom en ledegeld te onderhandel.

9.4 Indien ledegeld nie stiptelik betaal word nie, sal die lid al sy regte en voorregte verbeur.

9.5 Ledegeld sluit nie toernooie se inskrywingsfooi in nie.

10. Opsegging van lidmaatskap:

Die klub behou die reg voor om ‘n lid se lidmaatskap te beëindig in die geval van:

10.1 Die nie-betaling van ledegeld.

10.2 Wan optredes tydens oefen aande, toernooie of enige stoei-aangeleenthede.

10.3 Gebruik van alkoholiese drag in die stoeilokaal.

10.4 Skade berokkening van die Klub of Skool se reputasie en naam.

10.5 Die verbreking van enige reëls en/of bepalings soos van tyd tot tyd deur die Bestuur besluit.

11. Ontbinding van die klub:

Indien die klub om enige rede sou ophou bestaan en ontbind, sal die volgende voorwaardes van toepassing wees:

11.1 Alle bates, wat deur die individuele persone aangekoop is, sal aan hulle terug besorg word. Indien die skenkers nie meer by die stoei betrokke is nie, of nie die bates wil he nie, sal dit aan die Skool geskenk word.

11.2 Alle matte en stoeitoerusting, wat nie privaat aangekoop is nie, sal eiendom van die provinsiale stoeiliggaam word.

11.3 Alle kontant sal aan die skool geskenk word om te vergoed vir die gratis gebruik van die skoolgeriewe.